zwartkloof Private Game Reserve
1 Hotel Street
Persequor Park
PO Box 127
Persequor Park
Pretoria, 0020
Tel: +27 12 349 2500
Fax: +27 12 349 2507
Website
www.zwartkloof.co.za
Reg. No.: 2004/002889/07
Vat No.: 4390214171

ZWARTKLOOF RUGBY 2020

Geagte Hoof en Rugby Organiseerder

Zwartkloof bied vanaf Donderdag 9 April tot Sondag 12 April 'n rugby kliniek vir 0/14, 0/15, 0/16 en 1ste spanne aan. Dit sluit wedstryde, oefensessies en spanbou-aktiwiteite in.

Zwartkloof is 'n 3000 hektaar wildsplaas, 13 km buite Bela-Bela (Warmbad), geleë op die R516-pad. Ons poog by uitstek daarna om 'n verskil in leerders se lewens te maak met die ervaring wat die kinders hier beleef. Besoek gerus die webtuiste by www.zwartkloof.co.za

Die wild wat op die plaas voorkom is te veel om op te noem, maar van die belangrikste is:

- Gebasterde gemsbokke
- Goue wildebeeste
- Goue zebra's
- Swart rooibokke
- Leeus (in kampe)
- Buffels
- Kameelperde

Zwartkloof beskik oor uitstekende sportfasiliteite: 4 Rugby velde, 8 Weervaste netbalbane, 6 Hokkievelde, 4 Sokkervelde en dan is ons tans besig om die turf-krieketblaaie in te sit vir volgende jaar. Ons maak ook van die velde by die Hoërskool gebruik vir ons krieket van volgende jaar. Ons beskik ook oor fasiliteite vir binneshuise krieketnette.

Daar sal 'n inligtingsessie met alle afrigters wees waarna elke span 'n sessie kan boek volgens sy behoeftes. (Afrigters bepaal self die behoefte, geen afrigter hoef bekommerd te wees dat enige iets anders onnodig verander sal word nie.)

Van die aspekte wat hanteer word:

SPAN	**POSISIE-SPESIFIEK**	**AFRIGTERS**
• Verdediging • Breekpunte • Vaste fasette • Hardlooplyne • Wedstrydplan • Analise	• Skoppers • Ingooie van hakers • Skrumwerk • Ondersteuning in lynstane • Skrumskakel-aangee • Hardloopvaardighede	• Uitwerk van wedstrydplan • Sessiebeplanning • Videos van enige faset van die spel

Die afrigting sal deur baie bekwame afrigters, Mick Helena, Nico Venter en Werner Venter hanteer word, wat ‘n groot passie vir die spel het.

AFRIGTERS:

MICK HELENA

Persoonlike Rugbyprestasies:

- Suid Oos Transvaal 0/21 – 1993
- N-Tvl o/19 - 1994
- N-Tvl 0/21 – 1995
- Pretoria Polisie Rugbyklub (Carltonwenners 1996) / Klubkampioenskap-span
- SA Magte Span – Weermag / Polisie / Korrektiewe Dienste – 1996
- Polisie Nasionale Span – 1997
- Suid Oos Transvaal – Cravenweek Span – 1992
- Hoërskool Secunda – 1 ste Span 1990 – 1992
  Gedurende my rugbyloopbaan is daar ook vir minder belangrike verteenwoordigende spanne en spanne op uitnodiging gespeel.

Rugby – Afrigtingskwalifikasie / Kursusse:

- IRB Vlak 2
- IRB Vlak 1
- BBRU Vlak 2
- BBRU Vlak 1
- N-Tvl Prestige Kursus
- Betrokke by Investec Kursus met David Campese, Ian MacDonald, John Allen en Greg Miller te Hoërskool Pretoria Noord.
- N-Tvl Voorspeler spesialiseringskursus
- BOK SMART
- Skrum Sessies – 2015 – Balie Swart
- Skrum Sessies – 2016 – Pieter de Villiers – Frankryk Internasionale speler

Afrigtingsprestasie:

- 2015 – Noordelikes Rugby Klub – Speel finaal teen Dragons
- 2016 – Pretoria Noord Hoërskool – 0/15 Span – PUK Kampioene
- 2016 – Pretoria Noord Hoërskool – 0/15 Span - Stadbeker Wenners, Beeld Trofee
- 2016 – Dragons Rugby Klub – 0/21 Speel in finaal teen Tukkies
- 2016 – Dragons Rugby Klub - 7’s – Speel in finaal teen Tukkies
- 2017 – Dragons 1ste Span – Calrtonbeker Klub van die jaar – Blou Bulle
- 2018 – Hoofafrigter Dragons Rugby Klub
- 2019 – Direkteur Rugby – Dragons Rugby Klub

Algemeen:

- Tree gedurende bg tydperk op as afrigter by verskeie rugby-klinieke
- Tree op, op konsultasie basis by skole. Lynstane, Skrums, Afbreek punte
- Afgelope 7 jaar betrokke by Pretoria Noord Hoërskool
- 5 Jaar betrokke in die Carltonbeker – Blou Bulle
- 12 Jaar betrokke by Laer / Hoërskole en Klubs

NICO VENTER

Afrigting kwalifikasies:

- Vlak 2 afrigting
- World Rugby Educator

Afrigtings geskiedenis:

- 25 jaar ondervinding in afrigting.
- Carltonliga afrigter vanaf 1999 tot 2002 te Pretoria Polisie.
- Betrokke by skolerugby vanaf 2003-tans.
- Afrigter Blou-Bulle Platteland in 2010.
- Vodacom Limpopo Blou-Bulle 2013.
- Betrokke by verskeie skole vir aanbieding van kursusse en spesiale sessies
- Hanteer tegniese ontleding by Murray Mexted se Investec International Academy in 2010 te Konka
- Kampe.
- Betrokke by Investec Kursus met David Campese, Ian Macdonald, John Allen en Greg Miller te Hoërskool Pretoria-Noord.
- Aanbied van vlak 1 en 2 kursusse by BBRU.
- Ontwikkeling van afrigters.
- Reël en aanbied van kursusse.
- Video Analise – Dartfish; Statspro; Verusco

Suksesse:

- Wenner van SA Polisie week in 2002.
- Bondedag wenners asook Blou-Bul streekwenners: Laerskole in 2006.
- Blou-Bulle skole afrigter van die jaar in 2006.
- Stigting van ‘n rugby akademie te Hoërskool Pretoria-Noord in 2009.
- PUK 16: - 4 keer aangewys as rugbyskool
  - 2 keer aangewys as sportskool

WERNER VENTER

AFRIGTING KWALIFIKASIES:

- Vlak 2 afrigting

AFRIGTINGSGESKIEDENIS:

- 13 jaar ondervinding in afrigting
- Betrokke by skolerugby vanaf 2007-tans
- Tegniese adviseer Blou-Bulle Platteland in 2010
- Vodacom Limpopo Blou-Bulle 2013 konsultant
- Hanteer tegniese ontleding by Murray Mexted se Investec International Academy in 2010 te Konka Kampe
- Doen tegniese ontledings vanaf 2010

Kostes: Die kostes beloop R1680 per speler met een afrigter gratis per span.
Addisionele afrigters betaal R1380 per afrigter.
Die totale bedrag moet 14 dae voor die aanvang van die week betaal word.
Die kostes sluit akkommodasie, alle etes, wedstryde, afrigting, noodhulp, aktiwiteite en alle wildsritte in.

Deposito: R1000 per span bevestig u bespreking. Ons kry talle navrae, die belangstelling is dus groot. Bespreek so gou moontlik om teleurstelling te voorkom.

Bankbesonderhede:
Standard bank
Rekening nr.: 0133 55 228
Takkode: 012 445
Verwysings nr.: Skool naam + Rugby

Stuur asb die inskrywingsvorm saam met bewys van betaling van deposito na jenny.bosman@zwartkloof.co.za

Aangeheg is ook ‘n lys van akkommodasie naby Zwartkloof vir ouers wat die toernooi wil bywoon. Zwartkloof self het ongelukkig nie akkommodasie vir ouers nie.

Die volledige program en aktiwiteite sal betyds deurgestuur word.

Ons sien daarna uit om u by Zwartkloof te ontvang.

Rugby groete

Willie Bosman

Algemene Bestuurder

Zwartkloof Rugby
Inskrywingsvorm

Skool Naam: _____

Organiseerder: _____

Skool E-pos adres: _____

Skool Tel: _____

Organiseerder Sel nr.: _____

Ouderdoms groep	Aantal spelers per span	Aantal afrigters/ organiseerders per span	Deposito R1000 per span
0/14			
0/15			
0/16			
1ste Span			
		Totaal	

Die totale bedrag moet 14 dae voor die aanvang van die week betaal word.

Stuur asb. inskrywingsvorm en bewys van betaling na jenny.bosman@zwartkloof.co.za

_____ _____

Handtekening Afrigter/Organiseerder **Datum**